**PARTYTJIEDIERE TUSSEN PLAASDIERE: Paris Hilton (links) en Nicole Richie in *The Simple Life*, 'n realiteitsreeks wat vanaand om 19:00 op M-Net begin. Hilton, die agterkleinkind van die stigter van die Hilton-hotelgroep, Conrad Hilton, is 'n sosiale vlinder en stralerjakker wat as aktrise probeer naam maak. Sy en Richie, dogter van die sanger Lionel Richie, kry 'n smakie van die gewone lewe wanneer hulle hul weelderige lewenstyl prysgee om in *The simple life* by 'n hardwerkende boeregesin op 'n melkplaas in te trek.**



# Gewilde werke beloof opwindende konsert

## *Xandi van Dijk dirigeer Vrystaatse simfonieorkes*

■ **ELRETHA BRITZ**

BEKENDE orkesmusiek en 'n "onbekende" dirigent beloof om van die Vrystaatse Simfonieorkes se *Popular Classics*-program die naweek 'n opwindende ervaring te maak. Nog bonusse is twee soliste wat optree, die violis Piet Koornhof en altioviolis John Wille, en die dinamiese Sontonga-kwartet van Kaapstad wat die orkesgeledere aanvul.

Dié konsert vind Saterdag om 20:00 as deel van die Gariepfees in die Noord-Kaapteater in Kimberley plaas en word Sondag om 20:00 in die Odeion in Bloemfontein herhaal.

Xandi van Dijk, seun van die Kaapse komponis en dirigent Peter-Louis van Dijk, is op die podium.

Die werke behoort in die meeste musiekliefhebbers se smaak te val – Reznicek se *Donna Diana-ouverture,* Mozart se *Sinfonia concertante* waarin Koornhof en Wille as soliste gehoor word, Schubert se *Onvoltooide simfonie* en Tsjaikofski se *Slawiese mars.*

Van Dijk het vroeg in sy lewe met vioollesse begin en later oorgeskakel na altviool. Hy het talle meesterklasse bygewoon en veral in kamermusiek by bekendes kers opgsteek soos die formidabele Jerusalem-kwartet, die Bruckner-kwartet, Yo-Yo Ma and Colin Carra.

Sy optredes, ook as solis saam met orkeste, strek so ver soos Nederland en Amerika en teen sy mure hang bewyse van verskeie prestige-pryse.

Toe hy die dirigeerstok opneem, het hy ook by die bestes gaan leer, by Michael Kaufman, Omri Hadari, Bernhard Gueller en Hendrik Hofmeyr.

Van Dijk is die altviolis in die Sontonga-strykkwartet wat ook bestaan uit Marc Uys, Waldo Alexander (viool) en Brian Choveaux (tjello). Nadat hulle saam met die Vrystaatse orkes gespeel het, tree hulle Dinsdag as kwartet in die Odeion op met werke van Barber, Volans en Louis Spohr. Die Odeion-strykkwartet word betrek vir Spohr se *Oktet in E mol majeur.*

Die Sontonga-kwartet het al in verskeie Europese stede opgetree, maar konsentreer in Suid-Afrika op uitreikprogramme en die uitvoer van Suid-Afrikaanse komponiste werke.

Kry kaartjies vir die konsert die Odeion by Ninette Pretoriu (051) 401-2504.



**JOHN WILLE**



**PIET KOORNHOF**



**XANDI VAN DIJK**